Wie was Lukas?

Wat maak dit saak?

"St. Luke the Evangelist," by Vladimir Borovikovsky, 1757-1825, Russian. (Wikimedia Commons)

Die Evangelie van Lukas.

Luk 1:1-3

1 Hooggeagte Teofilus!

Daar is baie wat onderneem het om ’n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. 2Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was.

3Daarom het ek dit ook goedgedink om self
alles stap vir stap van voor af te ondersoek en
die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir
u neer te skryf. 4So kan u te wete kom dat die
dinge waaroor u onderrig is, heeltemal
betroubaar is.

- Benut die mondelinge tradisie
- Maak staat op ooggetuies
- Hy gaan prosesmatig te werk
- Hy doen navorsing
- Hy werk nougeset
- Hy kryf binne `n struktuur van volgorde (en geografie).

Handelinge.

Hand 1:1-3

1 My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe
oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van
die begin af 2tot op die dag van sy hemelvaart.
Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy
deur die Heilige Gees bevele gegee aan die
manne wat Hy as apostels uitgekies het. 3Ná sy
dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare
bewyse ook getoon dat Hy lewe.

In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

- Dit gaan oor die voortgaande getuienis aangaande Jesus
- Dit gaan oor die gebeure na Jesus se opstanding
- Dit bou voort op die raamwerk van Koninkryksteologie

1. Lukas en Paulus

Kol 4:10-14

10Aristargos, wat hier saam met my gevange
sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef
van Barnabas. Oor hom het julle reeds
opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet
julle hom gasvry ontvang. 11Verder stuur
Jesus, wat ook Justus genoem word, groete.
Hulle drie is die enigste Jode wat saam met my
werk vir die koninkryk van God. Hulle is vir my
’n groot troos.

12Epafras, wat een van julle is, stuur vir julle groete. Hy staan in diens van Christus Jesus en bid altyd ernstig vir julle dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God. 13Ek kan van hom getuig dat hy baie vir julle doen asook vir die gelowiges in Laodisea en in Hiërapolis.

14Lukas, die dokter wat ek baie lief het, en Demas stuur vir julle groete.

- Die geliefde Dokter (vriend)
- Lukas is nie besny nie

2. Lukas en Paulus

Filemon 23-24

23Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus ’n gevangene is, stuur vir jou groete; 24ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete.

25Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees!

- Lukas is `n medewerker van Paulus

3. Lukas en Paulus

2 Tim 4:9-11

9Probeer so gou moontlik na my toe kom,
10want Demas het die teenswoordige wêreld
liefgekry en my verlaat en na Tessalonika
vertrek. Kressens is na Galasië en Titus na
Dalmasië toe. 11Net Lukas is by my. Gaan haal
vir Markus en bring hom saam met jou, want
hy kan my tot groot diens wees.

- Lukas ondersteun Paulus persoonlik tot op die einde

4. Lukas en Paulus

Hand 16:10 en 28:16

Hand 16:10-11

10Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig.

11Ons het van Troas af weggevaar en reguit koers gehou na Samotrake en die volgende dag na Neapolis toe.

Hand 28:16.

16Na ons aankoms in Rome het Paulus die vergunning gekry om op sy eie te woon met ’n soldaat om hom te bewaak.

5. Wie is die Broer?

2 Kor 8:18 - 19

18 Saam met hom stuur ons die broer wat in al die gemeentes geprys word vir sy bevordering van die evangelie. 19 Afgesien daarvan is die broer ook deur die gemeentes gekies om met ons saam te reis as ons die liefdeswerk uitvoer wat ons onderneem het. Ons doen dit tot eer van die Here en as teken van ons hulpvaardigheid.

About 2 Cor 8:18, Origen said, “Luke wrote…the Gospel that was praised by Paul”

both Origen and Jerome understood 2 Cor 8:18 as a reference to Luke and to the fact that Luke’s Gospel was already circulating at that time.

(see Case for Jesus, Brant Pitre p. 47).

6. Wat maak dit saak?

Lukas is `n onwaarskynlike kandidaat (Paulus ook)

- Lukas is nie `n Jood nie... (nie besny nie)
- Lukas is nie `n priester nie...
- Lukas is nie `n apostel nie...
- Maar Lukas ken vir Jesus.

God gebruik Lukas kragtig

- Lukas maak die grootste bydrae tot die Nuwe Testament van al die skrywers.
- Lukas en Paulus saam (as medewerkers) skryf meer as halfte van die Nuwe Testament.
- Lukas het Paulus ondersteun tot op die einde.

Dit is `n gebroke wêreld maar `n getroue God gebruik verhoudinge vir dissipelskap.

Hand 2:17

17Só sal dit in die laaste dae wees, sê God:
Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle
seuns en julle dogters sal as profete optree;
julle jongmense sal gesigte sien; julle
oumense sal drome droom.